

Ks3-09

Kerkstraat tussen Kochstraat en Kerkplein. Ereboog op Kerkplein.



Die ereboog is opgerig vir die feesvieringe tydens die derde verkiesing van Paul Kruger as president in Mei 1898. Dit was by die westelike ingang na Kerkplein geleë.

Die gebou met die trappgewel in die middel van die ereboog was die Horse Shoe Bar. In 1898 was die bestuurder E. Wegner [Dun-01 p164]. Die volgende winkel is die hardeware-besigheid van die Poynton-broers.

In die groot gebou heel regs op die foto het drie persone in 1898 sake gedoen. Hulle was Hoverker en Wormser, boek- en kunshandelaars, in die middel R. Boukamp, kabinetmaker en op die hoek Van Kerckhoff & Co., algemene handelaars. [Dun-01 p176]

Bibliografie

Dun-01 Dunston, Lola. 1975. **Young Pretoria 1889-1913**. Pretoria: Lola Dunston.